# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN
## 2009

10720

**BESIGHEIDSTUDIES**

16 bladsye

BESIGHEIDSTUDIE
BSTD

107 2 0A 12

X05

KOPIEREG VOORBEHOU

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**BESIGHEIDSTUDIES**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies baie deeglik, voordat jy die vrae beantwoord:

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

  AFDELING A: Verpligtend vir alle leerders.
  AFDELING B: Verpligtend. Bestaan uit DRIE onafhanklike vrae wat al die leeruitkomste insluit. Beantwoord al DRIE vrae uit hierdie afdeling.
  AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae wat al die leeruitkomste insluit. Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

- Hou die tydindeling in gedagte wanneer die vrae beantwoord word.
- Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig en beantwoord slegs wat vereis word.
- Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
- Antwoorde moet in volsinne gegee word, behalwe as die instruksie by die vraag anders vereis.
- Die puntetoekenning en die aard van die vraag moet die lengte van jou antwoorde bepaal.
- Begin die antwoord op elke nuwe vraag op 'n NUWE bladsy. VRAAG 1 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, ens.
- Gebruik die tabel (bladsy 3) as 'n riglyn vir puntetoekenning en tydsindeling vir elke vraag.

---

| VRAAG | AFDELING | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| 1 | A: Meervoudigekeuse-vrae<br>Waar of Onwaar<br>Korrekte term | 40 | 30 min. |
| 2 | B: DRIE direkte vrae<br>Beantwoord AL DRIE vrae uit dié afdeling. | 60 | 30 min. |
| 3 | | 60 | 30 min. |
| 4 | | 60 | 30 min. |
| 5 | C: Opstelvrae<br>Beantwoord enige TWEE van die vier vrae. | 40 | 30 min. |
| 6 | | 40 | 30 min. |
| 7 | | 40 | 30 min. |
| 8 | | 40 | 30 min. |
| | **TOTAAL** | **300** | **180 min.** |

## AFDELING A

### VRAAG 1

### VERPLIGTEND

**Meervoudigekeuse-vrae**

Vier moontlike opsies word as antwoorde vir elk van die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1 – 1.10) in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.12 B.

1.1 Groothandelaars wat voorraad vanaf 'n klerefabrikant aankoop, sal deel wees van die klerefabrikant se ... omgewing.

A mikro
B mark
C makro
D tegnologiese

1.2 Mnr. Nel, 'n sitrusboer, wat produkte na Europa uitvoer, is betrokke in die ... sektor van die ekonomie.

A primêre
B openbare
C tersiêre
D informele

1.3 Watter een van die volgende situasies rakende die selfoon sal beskou word as die **innoverendste**?

A Vervaardiging van 'n tweede reeks Nokia 3310-selfone
B 'n Nuwe kleurskema vir MTN
C Nuwe tegnologie wat vinniger Internet-toegang deur middel van selfone bied
D Die beskikbaarheid van goedkoper SMS-pakkette

1.4 Probleemoplossing sluit die toepassing van verskillende stappe in. Kies die **mees** korrekte volgorde uit die volgende lys.

i Kies 'n oplossing
ii Identifiseer moontlike oplossings
iii Ontwikkel idees en redes
iv Identifiseer die probleem
v Implementeer die oplossing

A iv, i, ii, iii, v
B iv, iii, ii, i, v
C iii, v, iv, ii, i
D iv, ii, iii, i, v

1.5 Watter een van die volgende is **nie** 'n probleemoplossingstegniek nie?

A Delphi-tegniek
B Dinkskrum
C Kragveldontleding
D. Versekerbare belang

1.6 Watter van die volgende voorbeelde kan beskou word as onetiese sakepraktyke? Kies die korrekte kombinasie.

i Roofkopiëring van DVD's
ii Verkoop van klerasie met nagemaakte handelsmerke
iii Verkoop van klere op krediet deur 'n kleinhandelaar, met 30% wins op kosprys
iv 'n Winkeleienaar verkoop voorraad na die vervaldatum teen goedkoop pryse
v Kompeteer met ander besighede ten opsigte van kwaliteit en diens

A i, ii, iv
B i, ii, iii, iv
C i, ii, iv, v
D i, ii, iii, v

1.7 'n Metode wat vakbonde volg om die regering te beïnvloed om in te gryp in 'n spesifieke aspek:

A Stemwerwery
B Uitsluiting
C Betoogstakings
D Dooie punt

1.8 'n Vrywillige aftrekking van 'n werknemer se salaris **voordat** belasting afgetrek word:

A Mediesefonds
B Voorsorgfonds
C Werkloosheidsversekering
D Pensioenfonds

1.9 'n Werknemer wat aan rassisme in die werksplek blootgestel was, maar geen oplossing vir die probleem ontvang het nie, kan die saak met die volgende instelling opneem:

A Waarheids-en-versoeningskommissie
B Departement van Handel en Nywerheid
C Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie
D Plaaslike munisipale raad

1.10 'n Tegniek wat besighede gebruik om hulleself teen ander suksesvolle besighede met vasgestelde standaarde vir produk- en diensgehalte te evalueer.

A Kwaliteitsbeheer
B Geforseerde kombinasies
C Kwaliteitsversekering
D Normtoetsing 10x2=(20)

Dui aan of die volgende stellings **Waar** of **Onwaar** is. As die stelling volgens jou mening **waar** is, skryf **Waar** langs die vraagnommer neer en as jy dit as **onwaar** beskou, skryf jy **onwaar** neer EN **vervang die onderstreepte gedeelte om die stelling waar te maak**. Skryf die korrekte term langs **onwaar** neer.

1.11 Professionalisme impliseer dat die besighede nie op grond van ras, geslag, ens. sal diskrimineer nie.

1.12 Longman (Edms) Bpk. word beskou as 'n besigheid wat op die Johannesburg Sekuriteite-beurs SA genoteer is.

1.13 Belasting op toegevoegde waarde (BTW) is 'n tipe belasting wat deur besighede aan die plaaslike munisipale rade oorbetaal moet word.

1.14 Die tarief wat aan 'n werker vir oortyd moet betaal word, is 2 keer die tarief van die normale loon.

1.15 'n Dooie punt is 'n situasie waar daar nie 'n ooreenkoms tussen 'n vakbond en die besigheid se bestuur bereik kan word nie. 5x2=(10)

**Korrekte term**

Skryf die toepaslike term(e) / naam(e) vir elk van die volgende beskrywings langs die betrokke vraagnommer in jou ANTWOORDEBOEK neer.

1.16 Die instelling in Suid-Afrika wat verseker dat mense op 'n billike en waardige manier behandel word

1.17 Die opbrengs ontvang op die belegging in aandele van 'n maatskappy

1.18 Die standaarde van gesonde en professionele besigheidsgedrag

1.19 Wanneer 'n bestuurder op seksuele gunste van iemand onder sy/haar gesag in ruil vir 'n guns aandring, kan hy/sy van ... ... aangekla word.

1.20 Die samestelling van 'n land se bevolking in terme van ras, kultuur, geloof, ens. 5x2=(10)

**[40]**

## AFDELING B
## (VERPLIGTEND)

### VRAAG 2

2.1

> Mnr. Adam bedryf die afgelope vyf jaar 'n groothandelsonderneming wat lekkergoed verkoop. Amper 90% van sy produkte word ingevoer. Die eerste drie jaar het mnr. Adam relatief goed gedoen, maar daarna was daar 'n afname in die wins. Mnr. Adam is baie bekommerd dat indien hierdie negatiewe tendens voortduur, hy van sy persoonlike besittings sal moet verkoop om die besigheid se skuld te betaal.
> Die wins vir hierdie tydperk was soos volg:
> 2003 – R360 000
> 2004 – R480 000
> 2005 – R600 000
> 2006 – R450 000
> 2007 – R400 000

2.1.1 Tydens samesprekings met sy boekhouers, is die volgende redes vir die afname in die wins uitgelig. Na watter makro-omgewingsfaktor word daar deur elk van die volgende redes verwys?

(a) In 2006 het mnr. Adam **nuwe rekenaarsagteware** geïnstalleer, maar die werknemers was nie in staat om dit effektief te bedryf nie.

(b) Gedurende 2007 het die Suid-Afrikaanse Reserwebank die **uitleenkoers / repokoers** verhoog, wat 'n verhoging in inflasie teweeg gebring het.

(c) Die **verswakking van die Rand** gedurende 2006 het die koste van die produkte verhoog.

(d) Die **"Trots Suid-Afrikaans veldtog"** het daartoe aanleiding gegee dat baie verbruikers plaaslike produkte gekoop het.

(e) Toename in die koste van **ingevoerde produkte** het veroorsaak dat die pryse gestyg het.

(f) Sedert die promulgering van die **Nasionale Kredietwet** in 2007, was daar 'n afname in kredietverkope. 6x2=(12)

2.1.2 Verduidelik wat onder die term *repokoers* verstaan word en dui aan hoe 'n verhoging in die koers mnr. Adam se verkope sal affekteer. (6)

2.1.3 Beveel DRIE metodes aan mnr. Adam waarop hy die uitdaging van die verhoogde repokoers deur die Reserwebank die hoof kan bied. 3x2=(6)

2.1.4 Bespreek EEN strategie wat mnr. Adam kan toepas om die probleem met die nuwe rekenaarsagteware wat hy geïnstalleer het, te oorkom. (2)

2.1.5 Noem die ondernemingsvorm wat mnr. Adam vir sy lekkergoed-groothandelaarsbesigheid gebruik. Motiveer jou antwoord deur 'n rede te gee. (4)

2.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Arbeidsmagdeelname-koers (%), 1995 – 2003**

| | Manlik | | | Vroulik | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **1995** | **2003** | **%-verandering** | **1995** | **2003** | **%-verandering** |
| Swart | 59,9 | 69,2 | 9,3 | 44,3 | 63,1 | 18,8 |
| Kleurling | 72,1 | 75,7 | 3,6 | 55,4 | 64,8 | 9,4 |
| Indiër | 75,7 | 77,3 | 1,6 | 39,2 | 51,9 | 12,7 |
| Blank | 72,1 | 79,8 | 7,7 | 47,9 | 61,5 | 13,6 |
| Almal | 65,9 | 71,1 | 5,2 | 47,8 | 62,8 | 15,0 |

**Bron:** ***Oktober huishoudelike opname, 1995: Arbeidsmagopname, 2003***

*As die bevolkingsaanwas gedurende hierdie tydperk in ag geneem word, is die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika onrusbarend hoog. Dit is belangrik om te weet hoeveel was as gevolg van MIV / Vigs en hoeveel as gevolg van werkersontmoediging.*

2.2.1 Noem enige TWEE aspekte wat direk kon bydra tot die hoë werkloosheidsyfers in Suid-Afrika. (2)

2.2.2 Noem VYF maniere waarop aandag aan werkloosheid in Suid-Afrika gegee kan word. 5x2=(10)

2.2.3 Bespreek enige VIER maniere waarop MIV/Vigs besighede in Suid-Afrika nadelig beïnvloed. 4x2=(8)

2.2.4 Noem enige VYF oorsake vir konflik in 'n onderneming. 5x2=(10)

**[60]**

## VRAAG 3

3.1 Lees die onderstaande artikel en beantwoord die daaropvolgende vrae.

> **Elke hond kry sy dag**
>
> **Dit verg ware entrepreneursvaardighede om 'n klein onderneming van die rand van bankrotskap tot 'n omset van R4,25 miljoen per maand in slegs vyf jaar te neem. Dit is hierdie tipe entrepreneurskap wat Hannes van Jaarsveld die toekenning vir Besigheidsvennote se Entrepreneur van die Jaar-toekenning laat verower het.**
> Van Jaarsveld het Montego Voere, 'n hondekosvervaardigingsbesigheid, in 2000 van 'n insolvente boedel gekoop. Deur toegewyde entrepreneurstalent, gesonde bestuurstelsels en harde werk, was hy in staat om die besigheid om te keer.
>
> **Aangepas uit *"Your Business,* December 2006 / January 2007"**


3.1.1 Verduidelik wat met 'n *insolvente boedel* bedoel word. (2)

3.1.2 Van Jaarsveld beskik oor baie *entrepreneurstalent*. Bespreek enige VYF entrepreneurskwaliteite waaroor hy volgens jou mening beskik. 5x2=(10)

3.1.3 Verduidelik enige VIER faktore wat tot die sukses van hierdie besigheid kon bygedra het. 4x2=(8)

3.2 Hoeveelheid verkope van damestruie vir 2007

Hoeveelheid verkoop in 1000'e



3.2.1 Bestudeer die grafiek (bladsy 9) ( Vraag 3.2) en beantwoord die vrae.

(a) Identifiseer die tipe grafiek wat op bladsy 9 voorgestel is. (2)

(b) In watter maand was die verkope die hoogste? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

(c) Bereken die totale verkope vir 2007. (2)

(d) Bereken die gemiddelde jaarlikse verkope vir 2007. (Rond af) (2)

(e) Noem enige TWEE ander tipes grafieke wat in aanbiedings gebruik kan word. (2)

3.2.2 Wanneer 'n aanbieding van besigheidsinligting gedoen word, kan een of al die volgende metodes gebruik word: *skriftelik, mondeling, visueel.*

Verduidelik 'n **voordeel** van elk van die DRIE metodes. 3x2=(6)

3.3 Me. Samuels wat so pas 'n slaghuis geopen het, is onseker oor 'n paar aspekte rakende versekering. Sy nader jou om die volgende aan haar te verduidelik:

3.3.1 TWEE tipes verpligte versekering waarvan sy bewus moet wees 2x2=(4)

3.3.2 Enige TWEE tipes nie-verpligte versekering wat in die bedryf van haar besigheid tot haar voordeel kan wees 2x2=(4)

3.3.3 Is dit volgens jou mening belangrik dat me. Samuels haar besigheid verseker? Motiveer jou antwoord. (3)

3.3.4 Die doel en voordeel om uittree-annuïteite vir haar werknemers uit te neem (2)

3.4 Die meeste individue en besighede neem versekering uit om hulle te dek teen verskeie natuur- en menslike risiko's. Identifiseer die korrekte versekeringsterm rakende die volgende situasies in me. Samuels se geval.

3.4.1 Wanneer me. Samuels versekering wil uitneem op haar perseel, is dit noodsaaklik dat sy eerlik moet wees oor al die feite wat sy verskaf.

3.4.2 Die maandelikse of jaarlikse bedrag wat me. Samuels aan die versekeraar moet oorbetaal

3.4.3 Me. Samuels het haar vaste eiendom teen boekwaarde verseker. Die huidige boekwaarde op haar perseel is R600 000, terwyl die markwaarde R900 000 is.

3.4.4 Me. Samuels betaal maandeliks R500 vir die versekering op haar voertuig. Sy sal slegs vergoed word deur die versekeraar as die voertuig gesteel of beskadig word. Watter versekeringbeginsel is hier van toepassing?

3.4.5 Me. Samuels doen aansoek by 'n bank vir 'n lening van R50 000. Die bank stem in om die lening toe te staan op voorwaarde dat sy haar regte op haar lewenspolis aan die bank oormaak. 5x2=(10)

**[60]**

## VRAAG 4

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

**Sunday Times**

### BOEKEREDAKTEUR

Die *Sunday Times* het 'n vakature vir 'n Boekeredakteur om SGAM te begin.

**Doel van die werk:** Om 'n weeklikse boekerubriek te skryf, waarin die belangrikste inhoud van die boeke bespreek word en om boekverwante projekte vir die *Sunday Times* te bestuur.

**Hoofverantwoordelikhede**

- Om storie-idees te genereer, oorsigte, glanspunte en nuwe stories oor boeke te skryf
- Bywoning en verslaggewing van boek-verwante geleenthede en bekendstellings
- Die opbou en handhaaf van 'n wye reeks kontakte in die boekewêreld
- Om die *Sunday Times* se Boektoekennings en ander relevante geleenthede te koördineer

**Vereistes**

- 'n Universiteitsgraad in joernalistiek
- Vyf jaar relevante ondervinding
- Ondervinding in oorsigskrywing en redaksiewerk

**Kernvaardighede wat vereis word**

| Kennis | Vaardighede | Gesindheid |
|---|---|---|
| • Ingelig oor aktuele sake<br>• Rekenaargeletterd | • Oorsigskrywing<br>• Kommunikasie<br>• Spanwerker<br>• Probleemoplossing<br>• Beplanning<br>• Onderhandeling | • Spertyd-gedrewe<br>• Nie horlosiegebonde nie<br>• Ekstrovert<br>• Vermoë om onder druk te werk |

Kandidate wat oor die vereistes beskik moet 'n CV stuur na GoolabM@johncom.co.za nie later as 22/10/2007.

**Johnnic Kommunikasie is 'n regstellendeaksie-werkgewer.**

Aangepas uit *Sunday Times*, Okt. 14, 2007

4.1 Thandi, 'n vriendin wat pas aan 'n universiteit gegradueer het met 'n BA-graad in joernalistiek, wil vir bogenoemde pos aansoek doen. Sy nader jou vir nadere inligting oor sekere aspekte. Analiseer hierdie advertensie krities en beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Wat word met SGAM bedoel? (2)

4.1.2 Noem enige VYF kenmerke van 'n spanspeler in die werk as boekeredakteur. 5x2=(10)

4.1.3 Watter tipe persoon moet iemand wees om probleme effektief op te los? (2)

4.1.4 Verduidelik die volgende gesindhede in jou eie woorde:

(a) Spertyd-gedrewe (2)
(b) Nie horlosiegebonde nie (2)

4.1.5 Dink jy dat Thandi 'n geskikte kandidaat vir bogenoemde pos sal wees? Motiveer jou antwoord. (3)


4.1.6 'n Belangrike voordeel wat nie in die advertensie gemeld is nie, is die vergoeding. Verduidelik wat jy verstaan onder *vergoeding*. (2)

4.1.7 Verduidelik 'n moontlike rede waarom advertensies van hierdie aard nie die aspek van vergoeding en ander voordele insluit nie. (2)

4.1.8 Noem enige DRIE byvoordele wat in hierdie advertensie ingesluit kon gewees het. (3)

4.1.9 Wat word bedoel met 'n regstellendeaksie-werkgewer? (2)

4.2




In Suid-Afrika is daar verskeie wette wat die werkgewer en werknemer in die werksituasie raak. Pas die verskillende wette in KOLOM A by die stellings in KOLOM B. Skryf net die letter van die korrekte antwoord langs die vraagnommer neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.2.1 | Wet op Arbeidsverhoudinge | A | Die wet se doel is om diskriminasie te elimineer en regstellende aksie in die werkplek te bevorder. |
| 4.2.2 | Wet op Basiese Diens-voorwaardes | B | Die doel is om groter deelname van swart bestuurders en eienaars te bevorder. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.2.3 | Wet op Billike Indiensneming | C | Hierdie wet verskaf 'n raamwerk vir 'n kollektiewe onderhandelingsproses. |
| 4.2.4 | Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging | D | Die wet maak voorsiening vir 'n fonds om kraam- en aannemingsvoordele te betaal. |
| 4.2.5 | Werkloosheidversekeringswet | E | Die wet maak voorsiening vir 'n fonds om werknemers te vergoed vir beserings opgedoen in die werkplek. |
| | | F | Die wet beskerm werknemers teen onregmatige arbeidspraktyke. |

5x2=(10)

4.3 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**VAN SKOONMAKER TOT REISAGENT**

Mariam Mareke het in 2002 gematrikuleer. As gevolg van finansiële beperkinge, kon sy nie verder gaan studeer nie en was sy verplig om 'n pos as skoonmaker by 'n reisagentskap in Kaapstad te aanvaar. Mariam het in Januarie 2003 begin werk teen 'n **tyd-verwante loon** van R3,00 per uur.
Haar bestuurder het gou besef dat sy potensiaal het en daar is gesorg dat sy haar vaardighede en kwalifikasies deur die relevante SETA verbeter. Vandag is Mariam 'n geregistreerde reisagent en sy werk steeds vir dieselfde besigheid. Sy verdien 'n basiese salaris van R8 000 per maand en ontvang ook 'n 2%-kommissie. Dit is voor enige ander voordele of aftrekkings.

4.3.1 Verduidelik, in jou eie woorde, wat jy onder *tyd-verwante loon* verstaan. (2)

4.3.2 Wat sou Mariam per week voor aftrekkings in 2003 verdien het as sy 8 uur per dag in 'n 5 dag-werkweek gewerk het? (2)

4.3.3 Noem enige TWEE tipes verpligte aftrekkings wat tans van Mariam se salaris verhaal sal word. (4)

4.3.4 Verduidelik wat jy verstaan onder die 2%-kommissie wat Mariam ontvang. (2)

4.4 Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die daaropvolgende vrae:

> Die Suid-Afrikaanse Sekuriteitswag Vereniging (SASWV) met 'n landswye ledetal van 25 000, het besluit om op 'n sewe-dae-lange staking te gaan om 'n loonverhoging van 12% te eis. Die werkgewers het 'n 7%-verhoging aangebied vir die laags besoldigde werkers en 'n 5%-verhoging vir die hoogs besoldigde werkers. Die laags besoldigde werkers ontvang R1 800 per maand en die hoogs besoldigde werkers R2 500 per maand. Die laaste verhoging was 'n jaar gelede.
> Na die sewe dae het beide partye nog nie hul posisie in verband met die loonverhoging verander nie. Die staking het toe vir 'n volgende sewe dae aangehou. Daar was beraam dat 60% van die werkers gehoor gegee het aan die oproep om te staak.

4.4.1 Verduidelik die rede waarom die lede van SASWV gestaak het. (2)

4.4.2 Dink jy dat die stakingsaksie geregverdig is? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)

4.4.3 Buiten staking, watter ander vorm van industriële aksie kan geneem word om die werkgewers te dwing om aan die eise van die werknemers toe te gee? (1)

4.4.4 Bespreek EEN positiewe en EEN negatiewe effek wat die staking op die ekonomie van die land kan hê. 2x2=(4)

**[60]**

## AFDELING C

Beantwoord enige TWEE opstelvrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 5

> Mnr. Nkosi het onlangs 'n kleinhandelmeubelwinkel geopen waarvoor hy twintig voltydse werkers in diens geneem het. Ten minste ses moes vaardige / ervare verkoopspersone wees. Slegs twee van die twintig is egter vaardige / ervare verkoopspersone. As 'n regskonsultant moet jy mnr. Nkosi adviseer oor die wet wat die regering daargestel het rakende vaardigheids-ontwikkeling. Jy moet die volgende in jou aanbeveling insluit:

- Doel en voordele van wet
- Die vestiging en rol van SETA's
- Die doel van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid
- Voordele vir mnr. Nkosi

**[40]**

## VRAAG 6

Met die naderende 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi, het jy die geleentheid gesien om vlae van die verskillende betrokke lande te vervaardig. By die vestiging van die besigheid, moet jy die belangrike keuse oor die ondernemingsvorm maak wat tot die sukses of mislukking van jou besigheid kan bydra.

Neem in ag dat jy die enigste eienaar wil wees met beperkte aanspreeklikheid en jy vereis 'n eenvoudige en goedkoop stigtingsprosedure. Bespreek die **vorm van eienaarskap** wat jy sal oorweeg, met die voordele en nadele. Bespreek ook die onderskeie faktore wat jou keuse van eienaarskap beïnvloed het. **[40]**

## VRAAG 7

### HET JY 'N OOR VIR LEIERSKAP?

**Super-charisma en sjarme is nie waarborge vir goeie leierskap nie**

'n Enorme denksprong is nodig onder Suid-Afrikaanse besigheidsleiers. Leiers moet fokus op visie en inspirasie in plaas daarvan om op die aksie van bestuur te konsentreer. Hierdie studie wat gedoen is onder volgelinge van sestien erkende leiers in privaat- en openbaresektor-organisasies, hou vol dat die meeste leiers nie oor die kwaliteite beskik wat hul volgelinge as belangrik beskou nie. Uit die reaksie op die onderhoude kan daar aanvaar word dat daar 'n behoefte aan 'n Ubuntu-leierskapstyl is. Dit is duidelik dat mense nie meer mikrobestuur wil word nie, maar dat hulle betrokke en bemagtig wil wees. Dit beteken nie dat hulle nie 'n besluitnemer soos voorheen wil hê nie. Inteendeel, dit is juis die teenoorgestelde. Hedendaagse volgelinge wil deelneem en hulle wil hê dat hul leiers moet luister, maar dat die leiers steeds daardie ingeligte besluite moet neem.

**Aangepas en vertaal uit: *"Succeed"*, Mei 2007**

Ontleed die bogenoemde uittreksel krities. Skryf 'n konstruktiewe opstel waarin jy verduidelik of jy saamstem, of nie. Verduidelik die verskil tussen leierskap en bestuur. Bespreek ook die onderskeie leierskap- / bestuurstyle wat in die sakewêreld bestaan, met hul voordele en uitdagings. **[40]**

**VRAAG 8**

> **VAKATURE**
> **GRAFIESE ONTWERPER**
>
> **Vereistes**
> - 'n 3 jaar-diploma in Grafiese Ontwerp
> - Minimum 2 jaar ondervinding
> - Rekenaargeletterdheid in MS Office, Photoshop, Freehand
> - Moet 'n Apple Mac-gebaseerde gebruiker wees
>
> **Persoonsvaardighede /-houdings**
> - Doelgerig en betroubaar
> - Spanwerker
> - Goeie kommunikasievaardighede
> - Vermoë om 'n taak vanaf die konsep tot die finale produksiefase te neem
>
> **Vergoeding**
> - Basiese salaris plus ander aansporings
>
> Aansoeke wat 'n volledige CV insluit, moet gestuur word aan:
> Die Menslikehulpbron-bestuurder per e-pos:
> sabno@alp.org.za
>
> Aangepas en vertaal uit: *The Weekly Gazette,* Des. 2007

Bestudeer die advertensie vir die vakature hierbo. As die Menslikehulpbron-bestuurder van die maatskappy, het jy die taak om die geskikste kandidaat vir hierdie vakature aan te stel. Skryf 'n opstel waarin jy die indiensnemingsproses verduidelik wat jy sal moet volg om die geskikste kandidaat te vind. Gebruik die volgende sub-opskrifte in jou opstel:

- Die keuringsproses
- Die onderhoud en aanstelling
- Dienskontrak
- Induksie en plasing **[40]**

**TOTAAL: 300**

**EINDE**